Rom12:2

Gereformeerde Kerk Benoni

Polsslag 23 Junie 2019

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE

09:00 OGGENDDIENS

Dr. Braam Krüger

Skrifgedeelte: *1 Joh 3: 1– 10*
Fokusverse: *1 Joh 3: 1*
Tema: *God - die Vader vir vaders (en moeders)*

18:30 AANDDIENS

Dr. Braam Krüger

Skrifgedeelte: *Kol 3: 18 - 21*
Fokusverse: *Kol 3: 18 - 21*
Tema: *Huistafels.*
Reeks: Kol (no.2/2019)

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS BY DIE EREDIENS. KOM GENIET GERUS 'N KOPPIE TEE /

BYBEL EN KOMBERSPROJEK

Dit is met soveel dankbaarheid dat ons die Bybel en kombersprojek kan aanpak met minstens 90 komberse na 'n groot skenking van 'n lidmaat en betrokkenheid van die Barmhartigheidsdiensgroep. Ons beplan DV volgende Sondag, 30 Junie, na die oggenddiens die komberse saam met Bybels met skriflesing en gebed te gaan afdra. Daar is tans 65 volwassenes en 11 kinders.
Dit behoort nie langer as 30-45 minute te neem nie en is by die blankeplakkerskamp Angle Wings Care Centre in Putfontein.
Alle lidmate wat graag sou wou deelneem aan die uitreik kan ons kontak of volgende Sondag 30 Junie net opdaag by die ingangsportaal na die oggenddiens en tee. Ons wil graag so by 11h00 vertrek. Ons glo die Seën van die Here sal ook op hierdie projek rus.
Vir meer inligting kontak Pieter of Lenie Venter by 083 457 8861 of pavoptom@global.co.za

KOINONIA

- Ons dra Henco Smit , sy gesin en familie op vir vertroosting na die afsterwe van Henco se pa Vrydag-oggend.
- Flippie Opperman is in die Linmed hospitaal opgeneem en ontvang behandeling vir longonsteking.
- Helgard Potgieter is in Linmed hospitaal na komplikasies na 'n skoueroperasie.
- Ons doen voorbidding vir Shannica Burmeister (belydenisklas leerder) en haar gesin wat die trauma van 'n rooftog Maandag in die vroeë oggendure in hul blyplek by 'n lodge naby Mookgophong, tydens vakansie daar, moet verwerk.

GELUKWENSING

- Ons het die voorreg om vanoggend getuies te wees van die bediening van die Heilige Doop van Regardt, seuntjie van Gustav en Jeanne Koekemoer en kleinseun van Schalk Venter.
- Baie geluk aan Arina Sterkenburg se dogter, dr. Paula Sterkenburg in Nederland wat as professor by die universiteit daar aanwys is.

GEMEENTE - NUUS

Ter approbasie: Br. Peet Muller word aan die gemeente voorgehou as ouderling vir wyk G3.

Gemeenskap met die GK Benoni opgesê:

- Johan, Adri, Heinrich en Anzelle Kamffer.

OUDERLING DIENSBEURTE	
Vandag	Piet Bateman
Volgende week	Harry Salomons
TEESKINKBEURTE	
Vandag	Hannes vd Linde & kinderhuis-span
Volgende week	Wyk E 3.

Datums & geleenthede om te onthou!

OP DIE PROGRAM VIR HIERDIE WEEK 23 – 30JUNIE 2019

DAG	TYD	GELEENTHEID	KONTAKPERSOON	
Vandag	09:00 18:30	Oggenddiens Aanddiens		
Maandag	09:30	Rynpark 5 Bybelstudie	Adri Goede	083 654 4821
Dinsdag	08:30	Koördineringsvergadering	Ronel Ritchie	081 218 3048
Donderdag	18:30	Wyk F1 Bybelstudie vir jong werkendes/studente		
Vrydag	06:00	Manne gebedsgroep	Schalk van Eeden	082 561 9409
Sondag 30 Junie	09:00 18:30	Oggenddiens Aanddiens		

SOEK DIE BYBELVERS

16 Junie 2019 se antwoord: Ester 2: 7

Die volgende Bybellesers het korrekte antwoorde ingestuur:

Chrissie Pretorius; Una Steyn; Elma Jansen

Hierdie week: Soek die Bybelvers

" Hy het ook die toring van ????? platgeslaan, en die mense van die stad doodgemaak. "

Vraag: Watter stad in Israel se toring het die rigter Gideon platgeslaan?

Lees gerus Rigters noem watter stad se toring deur Gideon platgeslaan is en noem die vers waar dit staan, en SMS die antwoord met jou Naam en Van na 082 873 3173.

Gereformeerde Kerk Benoni

Die President Kruger Kinderhuise bestuur, personeel en kinders bedank u opreg vir die kontant bydrae van R12000 wat ons op 11/06/2019 ontvang het.
Hierdie bydrae maak ons hande sterk om ons kinders 'n huis te bied waar hul kan ontwikkel tot hul volle potensiaal.
Dankie dat Gereformeerde Kerk Benoni ons kinders se beste belange op die hart dra.
Weereens baie dankie.

Vriendelike Groete,
President Kruger Kinderhuise

VERJAARSDAE 23 - 29 Junie

BAIE GELUK AAN ALMAL MET HUL VERJAARSDAE VANDAG EN IN DIE KOMENDE WEEK! MAG DIT 'N GESEËNDE LEWENSJAAR WEES.

DATUM	NAAM	KONTAK NO.
23/06	Elsje Jordaan	082 255 0791
24/06	Nicky va de Berg	
25/06	Paul Kruger ***	083 289 9059
26/06	Elzaan Neuhoff	072 184 1302
27/06	Amelia Vermaak ☺ Bossie Boshoff Quintin Nel	 072 644 3133 082 348 4812
28/06	Bianca Bezuidenhout Hennie van Tonder *	078 229 6455 082 352 3733
29/06	Hannetjie Muller * Loraine Krugel Martin du Plessis ☺ Zach du Plessis ☺	083 280 7055

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

KERKLIKE ADMINISTRASIE

Beroepe aanvaar:

- Ds. R Janse van Rensburg (Regard) van GK Reitz/Lindley na GK Delmas.

KAN JY ONTHOU . . . . ???

In aanloop van die 10-jaar samesmelting- feesvieringe wat DV Saterdag 27 Julie plaasvind deel ons graag hierdie lekkerlees-artikels.

BENONI GEMEENTE (DEEL 1)

-geskryf deur Ina Bolt-

Deur groot genade en seën van ons Hemelse Vader is ons nou 28 jaar koster en hulpkosters, van die Benoni gemeente. Deur die jare het ons baie beleef in die Benoni gemeente – mooi dinge, hartseer dinge en baie vreugdes.

Ons het as kosters begin op 1 April 1991 in Victorialaan in die dorp (waar nou die Lakeside Mall is). Ons het oorgeneem van br. Gerrie Kriek en br. Nico Stoffels wat die oop- en toesluit op Sondae gedeel het.

Die Victorialaan gebou was 'n pragtige ou kerkgebou, met sy outydse rooi stoepe, groot houtdeure, sy blou glas vensters en dan natuurlik sy kloktoring. Vir ons kinders Ernst en Eric was dit amper 'n bakleiery Sondagoggende oor wie die tou kon trek, sodat die klok om 9 uur lui om die diens aan te kondig.

'n Spesiale kerkgebou, waar ek ook as kind opgegroei het. Ek is hier gedoop deur ds. L.S. Kruger. Belydenis gedoen by ds. Hennie v d Bijl. Ek het Evert ook hier ontmoet. Sondagoggende was dit maar sorg dat jy definitief betyds by die kerk was, voor 8uur as dit kon, want jy het nooit geweet wat jy vroegoggend sou aantref nie. Aangesien daar nie heinings om die kerk was, was ons eerste kyk in die oggende of daar geen boemelaar in die hoekies slaap nie. As daar was, het jy hom en sy bagasie so gou moontlik weggekry. En dan moes jy natuurlik sy rommel skoonmaak en die res van die tuin om die kerk, voor die lidmate begin kom vir die diens. Menigmaal het ek gewens dat ek 'n oorpak aangehad het en nie kerkklere nie.

Later jare met meer ontwikkeling om die kerkgebou, en kinders wat speelplek soek, was daar toe kort-kort gebreekte vensters in die saal. Klippe, balle en glas word toe 'n probleem op Sondagoggende, en nie lank daarna nie het die aaklige inbrake begin in die saal en kombuis. Daar was ingebreek en gesteel en gemors. Beveiliging was wel aangebring maar dit het nie veel gehelp nie.

Na 'n erge inbraak in die saal en kombuis, het Evert en ek besluit dat die kerk se koppies, teepotte, ens. veiliger by ons huis sou wees. Dis toe maar heen en weer gery na die kerk en terug vir ingeval hul weer sou inbreek. Dis vir 'n paar maande gedoen, tot ons uit die kerkgebou getrek het.

Die laaste erediens in Victorialaan se kerkgebou was 10 Januarie 1993.

Dit was maar 'n hartseertyd en tog ook 'n opgewondenheid, want 'n nuwe kerkgebou in Farrarmere was in aanbou. Vir 'n paar maande is daar kerk gehou in die Northmead skoolsaal in die oggende en aanddienste saam met Benoni-Noord in hulle gebou. Begrafnisse en troues is ook uit Benoni-Noord se kerkgebou gedoen.

Farrarmere Kerkgebou

In April 1993 trek ons in ons nuwe kerkgebou in. Wat 'n trots en lekkerte was dit nie toe ons die splinternuwe kerkgebou in gebruik geneem het nie.

Ruim klaskamers vir ons kinders. 'n Pragtige kombuis met baie en mooi hout kaste, groot spens, opwasbakke, en groot stoof vir die susters. Hieruit is baie funksies, begrafnisse en troues gehou en sommer net gebak en gebrou met groot liefde vir ons Hemelse Vader. Daar was 'n kerkkantoor en die konsistorie was helder en groot. Wat vir ons baie spesiaal was by die kerkgebou was die geleentheid om tydens elke nagmaal almal saam as gemeente te kon nagmaal gebruik.

Daar was ook baie interessante insidente wat hier gebeur het tydens begrafnisse en troues. Die wat ek die beste kan onthou was die begrafnisondernemer wat tydens 'n paar begrafnisse nie genoeg van Tannie Rina se koeksisters kon kry nie. Hy was elke paar minute terug vir nog een, nog een en nog een. En 'n troue waar die gevolg uit die konsistorie moes kom. En daar in die konsistorie, voor die diens, het een van die gaste al die verwarmers per ongeluk aangesit opsoek 'n na skakelaar wat in die kerk moes werk. Vensters was ook nie oop nie, anders sou die wind die kerse doodblaas. Niemand maar niemand het tydens die seremonie kom vertel die kerk is besig om te kook nie!

Met straatmense het ons ook paadjies geloop. Veral toe een tydens 'n aanddiens op arme Bettie van der Berg se skouer tot ruste gekom het. Maar hy is vriendelik en op 'n mooi manier deur 'n lidmaat uit die kerk gelei.

Op 1 Junie 1997 emeriteer Ds.H. van der Bijl in Benoni gemeente. Hy en tannie Emmarencia het in die 28 jaar van sy bediening diep spore in die gemeente gelaat. 'n Geliefde predikantspaar vir almal – groot en klein.

Liewe lidmaat van GK Benoni.

Die predikante doen graag huisbesoek by lidmate. Ons vra egter dat die gemeente kennis neem dat ons huisbesoek nie agtereenvolgens by al die wyke plaasvind nie, maar dat die volgende riglyne gebruik word om te bepaal waar daar huisbesoek gedoen word:

1. Wanneer lidmate 'n besoek versoek.
2. Wanneer die predikante bewus is van 'n beproewing of aanvegting (siekte, ens.).
3. Wanneer daar nuwe lidmate of intrekkers aanmeld.
4. Wanneer spesifieke lidmate aangespreek moet word.
5. Daar word probeer om ouer lidmate wel van tyd tot tyd te besoek.

Jy kan jou wyksleier, blokouderling, die kerkkantoor of die predikante direk nader as jy 'n besoek wil hê.
Groetnis in Christus.
Braam & Rynhardt

Ons gemeente is bevoorreg om baie bedienings te behartig. Hierdie werk word gedra deur ons lidmate se vrywillige offergawes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE :

BANK: ABSA
TJEK REK : 220 340 333
VERWYSING: Volle Naam, Van & Doel

Diens van Barmhartigheid

Kerkkas

KOLLEKTES

KOLLEKTES VAN 16 JUNIE:

Diens van Barmhartigheid:		R 6036
TOIBO	:	R 2320

KOLLEKTES VANDAG:

Kollekte in die banke: Diens van barmhartigheid
Deurkollekte: Kerkas

Deurkollektes vir 30Junie: Ekumenisiteit –London

PREDIKANTE:

dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
ds. Rynhardt Pretorius
☎ 074 944 7769

ADMINKANTOOR:

Ma-Vr 09:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za

FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za

VRA JOU VRAE:
https://goo.gl/WFtT3F